Resultate persverklaring vir die jaar geëindig 30 Junie 2019

REMGRO SE BELEGGINGPRESTASIES WEERSPIEËL MAKRO-EKONOMIESE UITDAGINGS

- **Wesensverdienste per aandeel neem af met 4.2% tot 1 449 sent**
- **Wesensverdienste per aandeel, uitgesluit opsie hermeting, neem af met 2.6% tot 1 429 sent**
- **Intrinsieke netto batewaarde per aandeel neem af met 9.3%, vanaf R256.97 op 30 Junie 2018 tot R233.03 op 30 Junie 2019**
- **Totale dividend per aandeel vir die jaar neem toe met 6.0% tot 564 sent**

Vir Remgro was dit een van sy meer uitdagende jare, met meeste van die groep se beleggings wat deur onbestendige ekonomiese groei, lae sakevertroue en verswakte bedryfsomgewings geraak is, veral beleggings met blootstelling aan die finansiële welstand van verbruikers en aan invoere. Beleggings in die bankafdeling het gedurende die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2019 stewiger vertoon en het 46.2% tot Remgro se wesensverdienste bygedra.

Vir die jaar tot 30 Junie 2019 het wesensverdienste met 4.4%, vanaf R8 573 miljoen tot R8 195 miljoen, afgeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel (WVPA) met 4.2%, vanaf 1 512.6 sent tot 1 448.9 sent, afgeneem het. Ingesluit in wesensverdienste vir die jaar onder oorsig is ‘n positiewe billike waarde aanpassing van R112 miljoen (2018: R261 miljoen) wat verband hou met die afname in waarde van skuldbriefhouers se omruilopsie van die omruilbare skuldbriewe (opsie hermeting). Met uitsluiting van die opsie hermeting het wesensverdienste met 2.8%, vanaf R8 312 miljoen tot R8 083 miljoen, afgeneem, terwyl WVPA met 2.6%, vanaf 1 466.5 sent tot 1 429.1 sent, afgeneem het. Die afname in wesensverdienste, uitgesluit opsie hermeting, is hoofsaaklik die gevolg van laer verdienste deur RCL Foods Beperk (RCL Foods), Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIVH), Total South Africa Eiendoms Beperk (Total), asook die uitsluiting van Unilever South Africa Holdings Eiendoms Beperk (Unilever) vanweë die verkoop daarvan. Die afname is gedeeltelik teengewerk deur die insluiting van Siqalo Foods Eiendoms Beperk (Siqalo Foods) en ‘n groter bydrae van die bankafdeling, sowel as hoër rente-inkomste.

Kommentaar op die bydrae van elk van die onderliggende rapporteringskategorieë word in die Redakteur se aantekeninge uiteengesit.

Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel het met 9.3%, vanaf R256.97 op 30 Junie 2018 tot R233.03 op 30 Junie 2019, afgeneem, hoofsaaklik as gevolg van die afname in Mediclinic International plc’s (Mediclinic) se aandeelprys. Die sluitingsaandeelprys op 30 Junie 2019 was R187.90 (2018: R204.29) wat ‘n diskonto van 19.4% (2018: 20.5%) tot die intrinsieke netto batewaarde verteenwoordig.

Kontant by die kern het met R2 023 miljoen tot R15 727 miljoen op 30 Junie 2019 toegeneem hoofsaaklik as gevolg van die verkoop van Unilever (R4.9 miljard) en Milestone Capital Strategic Holdings Beperk (R693 miljoen), teengewerk deur beleggings gemaak in CIVH (R2 955 miljoen), Prescient China Equity Fund

(R727 miljoen) en RCL Foods (R115 miljoen). Op 30 Junie 2019, was skuld by die kern R13 919 miljoen, wat tot ‘n netto kontantposisie van R1 808 miljoen gelei het.

Vir die jaar geëindig 30 Junie 2019, is ‘n finale dividend van 349 sent per aandeel verklaar uit inkomstereserwes ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde. Die totale dividend van 564 sent per aandeel vir die jaar geëindig 30 Junie 2019 verteenwoordig ‘n 6.0% toename teenoor die totale dividend van 532 sent per aandeel wat vir die jaar geëindig 30 Junie 2018 verklaar is.

Jannie Durand, hoofuitvoerende beampte van Remgro, sluit af*: “Swak plaaslike ekonomiese werklikhede blyk steeds die belangrikste kenmerk van die Suid-Afrikaanse bedryfsomgewing te wees. Met tekens van lae reële BBP-groei in Suid-Afrika, 'n gebrek aan momentum ten opsigte van beleidshervorming en fiskale stremming teen die agtergrond van wêreldwye kommer oor groeivooruitsigte, bly onsekerheid hoog. Verskeie voorgestelde regulatoriese veranderings sal ook die landskap vir Remgro se belangrikste beleggings verander. Ondanks die talle uitdagings wat al Remgro se beleggings in die gesig staar, is die maatskappye waarin die groep belê is, goed geposisioneer binne hul sektore, met sterk strategieë wat Remgro oor die langtermyn sal bevoordeel. Remgro is in ‘n goeie posisie om geleenthede wat na sy kant toe kom, te benut, en om sy beleggings op hul onderskeie groeivooruitsigte te ondersteun.”*

Kontak:	**Remgro Beperk** Jannie Durand (HUB) (021) 888-3253 Mari Rabie (Beleggerverhoudings) (021) 888-3345
Uitgereik en versprei deur:	**Keyter Rech Investor Solutions** Marlize Keyter (083 701 2021)
Uitreikingsdatum:	**19 September 2019**
JSE kode:	**REM**
Webwerf:	**www.remgro.com**

Redakteur se aantekeninge

Bankwese

Die wesensverdienstebydrae deur die bankafdeling het R3 737 miljoen (2018: R3 525 miljoen) bedra, wat ‘n toename van 6.0% verteenwoordig. FirstRand Beperk (FirstRand) en RMB Holdings Beperk (RMH) het wesensverdienstegroei van onderskeidelik 5.2% en 6.1% gerapporteer. RMH het hoër groei gerapporteer as gevolg van hoër verdienste vanaf RMH Property.

Op ‘n genormaliseerde basis, wat sekere nie-bedryfs- en rekenkundige afwykings uitsluit en ‘n beter weerspieëling van onderliggende prestasie is, het FirstRand en RMH verdienstegroei van onderskeidelik 5.6% en 6.6% gerapporteer. Hierdie toenames is hoofsaaklik danksy groei in beide netto rente-inkomste (op met 9%), ondersteun deur stewige groei in voorskotte en deposito’s, en nie-rente-inkomste (op met 6%), danksy sterk groei in fooi- en kommissie-inkomste. Hierdie verdienstegroei is gedeeltelik teengewerk deur ‘n toename van 23% in nie-presterende lenings, deels weerspieël deur sterk boekgroei in ongesekureerde portefeuljes en makrodruk in sekere industrieë wat WesBank geraak het, sowel as die IFRS 9 metode vir die voorsiening van waardedaling wat tot ‘n toename in kredietwaardedalingskoste gelei het.

Gesondheidsorg

Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R1 693 miljoen (2018: R1 556 miljoen) bedra, wat ‘n toename van 8.8% verteenwoordig. Mediclinic gebruik aangepaste verdienste, wat onbestendigheid met betrekking tot sekere soorte uitsonderlike inkomste en kostes uitskakel, vir prestasiebeoordeling en as metode om duidelike en konsekwente rapportering aan sy aandeelhouers te verskaf. Die grootste verskil tussen aangepaste verdienste en wesensverdienste in die jaar onder oorsig het verband gehou met die belastingkrediet ten opsigte van Hirslanden-eiendomme, terwyl die vergelykende jaar verband hou met ‘n versnelde amortisasiekoste ten opsigte van die handelsmerkomskakeling van alle Al Noor-fasiliteite na Mediclinic sowel as onterkenningskoste van ongeamortiseerde finansieringskoste wat met die herfinansiering van Hirslanden se skuld verband hou. Remgro se gedeelte van Mediclinic se aangepaste verdienste het R1 591 miljoen (2018: R1 693 miljoen) bedra, wat ‘n afname van 6.0% verteenwoordig.

In Britse pondterme het Mediclinic ‘n afname in aangepaste verdienste van 10.4% gerapporteer, wat die verswakking van die gemiddelde SA randwisselkoers teenoor die Britse pond weerspieël. Hierdie afname is hoofsaaklik weens die laer bydrae deur die Switserland-afdeling. Dit is deels teengewerk deur die sterker vertoning deur die bedryfsafdelings in Suider-Afrika en die Midde-Ooste. Switserland het onderpresteer as gevolg van die onlangse regulatoriese veranderinge in die Switserse gesondheidsmark wat alle verskaffers geraak het. Hierdie veranderinge sluit die implementering van nasionale buitepasiënttariefverlagings (TARMED) en die uitwaartse migrasie van geïdentifiseerde kliniese behandelings, deur van ‘n binne- na ‘n buitepasiënttarief in verskeie kantons oor te skakel, in. Stappe is gedoen om die huidige finansiële vertoning te verbeter deur inkomstegroei te beskerm, koste te verminder en beter bedryfs- en portfolio-doeltreffendheid te bewerkstellig. Bykomende mediumtermyn-stappe sluit die verbetering van diensonderskeiding regoor versekeringskategorieë in, asook dokter-werwingsinisiatiewe en die bevordering van die buitepasiënt-leweringsmodel.

Verbruikersprodukte

Die bydrae van verbruikersprodukte tot Remgro se wesensverdienste het R918 miljoen (2018: R1 605 miljoen) bedra, wat ‘n afname van 42.8% verteenwoordig.

RCL Foods se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 60.7% tot R254 miljoen (2018: R647 miljoen) afgeneem. Hierdie afname was hoofsaaklik weens die swak prestasie van die suiker- en hoenderbesigheidseenhede. Die plaaslike hoender- en suikerbedryf is onder geweldige druk weens ooraanbod, wat die gevolg van laer plaaslike volumes en gestorte invoere is, ‘n daling in die plaaslike mark se vraag weens gedempte verbruiksbesteding, en, veral met betrekking tot suiker, die gesondheids-bevorderingsheffing (suikerbelasting) wat plaaslike suikerverbruik met 14% laat daal het. Die wanbalans in vraag en aanbod het tot laer verkooppryse in beide die hoender- en suikerbesigheid gelei, wat die verhaling van verhoogde hoendervoerkoste beperk het, terwyl suikermededingers se stryd om markaandeel tot drasties verminderde marges gelei het. In die afwesigheid van ‘n toepaslike tarief het hoenderinvoere hoog gebly, terwyl suikerinvoere gestabiliseer het na die implementering van ‘n gewysigde tarief in Augustus 2018. Ondanks die uitdagende marktoestande het kruideniersware, danksy ‘n sterker fokus op bedryfs-doeltreffendheid, goed vertoon, met beter volumes en marges regoor ‘n breë spektrum kategorieë.

Distell Group Holdings Beperk (Distell) se bydrae tot wesensverdienste het R459 miljoen (2018: R467 miljoen) bedra, wat ‘n afname van 1.7% verteenwoordig. Daar moet op gelet word dat die vergelykende tydperk die bydrae van Capevin Holdings Beperk ingesluit het. Distell openbaar genormaliseerde verdienste, aangepas vir abnormale transaksies en wisselkoersbewegings, om die prestasie van sy besighede aan te dui. Vir die jaar onder oorsig het hierdie abnormale transaksies afleggings- en herstruktureringskoste ingesluit, sowel as ‘n kredietverliesvoorsiening wat verband hou met ‘n VSA$-gedenomineerde spaarobligasie by die reserwebank van Zimbabwe. Die vergelykende jaar het afleggings- en her-struktureringskoste ingesluit, asook eenmalige verliese by Tanzania Distilleries Beperk wat verband gehou het met die sachet-verbod en aksynsbelastingsdispuut. Distell het ‘n toename in genormaliseerde verdienste van 7.0% gerapporteer danksy algehele vergelykbare inkomstegroei van 9.4% op trae volumes. Bykomend tot Distell se bydrae het Remgro ook amortisasie- en waardeverminderingskoste van R47 miljoen (2018: R8 miljoen) verantwoord, wat verband hou met die bykomende bates wat geïdentifiseer is toe Remgro op 11 Mei 2018 beheer oor Distell verkry het.

Op 2 Julie 2018 het Unilever Remgro se 25.75% belang in Unilever verkry in ruil vir die Unilever Smere-besigheid in Suider-Afrika, naamlik Siqalo Foods, sowel as ‘n kontantbedrag van R4 900 miljoen. As gevolg hiervan is geen wesensverdienstebydrae vir Unilever verantwoord nie (2018: R499 miljoen). Siqalo Foods se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die jaar onder oorsig het R332 miljoen bedra. Siqalo Foods se omset het R2 626 miljoen bedra ondersteun deur ‘n 2.9% groei in volumes.

Bykomend tot Siqalo Foods se bydrae het Remgro ook amortisasie- en waardeverminderingskoste van R80 miljoen verantwoord met betrekking tot die bykomende bates wat geïdentifiseer is toe Remgro beheer oor Siqalo Foods verkry het.

Versekering

Rand Merchant Investment Holdings Beperk (RMI) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 5.5% tot R1 161 miljoen (2018: R1 228 miljoen) afgeneem. Op ‘n genormaliseerde basis het RMI ‘n afname van 4.3% in verdienste gerapporteer, hoofsaaklik weens laer bydraes deur Discovery Holdings Beperk (Discovery), OUTsurance Holdings Beperk (OUTsurance) en Hastings Group Holdings plc (Hastings), wat deels deur ‘n hoër bydrae van Momentum Metropolitan Holdings Beperk (Momentum Metropolitan) teengewerk is. Die bydrae deur Discovery het met 7.0% afgeneem weens ‘n swakker vertoning deur Discovery Life, wat ‘n skerp styging in sterfte-eise en beduidende investering in nuwe strategiese inisiatiewe (waarvan Discovery Bank die mees noemenswaardig is) ervaar het. OUTsurance se bydrae het met 8.1% afgeneem weens hoër eise en kosteverhoudings regdeur die groep, beduidende beleggings in nuwe sakegroeibedrywighede en buitengewone lae eise in die vergelykende jaar. Hastings se bydrae tot RMI het met 29.0% afgeneem weens markkoersverminderings, eise-inflasie wat vinniger as premieverdienste-inflasie toegeneem het, tesame met wetlike veranderinge wat onderskrywingsheffings verhoog het. Die bydrae van Momentum Metropolitan het met 62.4% toegeneem danksy bestendige bedryfsresultate in die meeste besighede, wat deur doeltreffendheidsverbeterings en goeie onderskrywingsresultate regdeur die groep ondersteun is. In die vergelykende jaar het groot, negatiewe bedryfsveranderinge en beleggings-veranderlikes regdeur die Suid-Afrikaanse kleinhandels-besigheid en die res van Afrika, ‘n groot impak gehad.

Nywerheid

Air Products South Africa Eiendoms Beperk (Air Products) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 18.7% tot R343 miljoen (2018: R289 miljoen) toegeneem. Die toename is hoofsaaklik toeskryfbaar aan groei in volumes en kostebesparende maatreëls.

Total se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R328 miljoen (2018: R501 miljoen) bedra. Ingesluit in die wesensverdienstebydrae vir die jaar onder oorsig is ongunstige voorraadherwaardasies ten bedrae van R1 miljoen (2018: gunstige voorraadherwaardasies van R216 miljoen). Hierdie herwaardasies is die gevolg van die onbestendigheid in die Brent ru-olieprys en die randwisselkoers. Uitgesluit die herwaardasies, het die bydrae met 15.4% vanaf R285 miljoen tot R329 miljoen, toegeneem. Hierdie toename is hoofsaaklik te danke aan ‘n toename in omset, weens hoër verkoopsvolumes in die mynbou- en handelsektor.

Kagiso Tiso Holdings Eiendoms Beperk en Wispeco Holdings Eiendoms Beperk se bydraes tot wesenverdienste het onderskeidelik R161 miljoen en R121 miljoen bedra (2018: R55 miljoen en R122 miljoen), terwyl PGSI Beperk ‘n verlies van R9 miljoen (2018: wins van R4 miljoen) tot Remgro se wesensverdienste bygedra het.

Infrastruktuur

CIVH se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het ‘n verlies van R204 miljoen (2018: ‘n wins van R48 miljoen) bedra. Ondanks ‘n afname in wesensverdienste het Dark Fibre Africa Eiendoms Beperk (DFA) se inkomste met 22.6% tot R2 349 miljoen (2018: R1 916 miljoen) toegeneem danksy sterk groei in annuïteitsinkomste. DFA se annuïteitsinkomste bedra meer as R163 miljoen (2018: R136 miljoen) per maand. DFA se bydrae is negatief beïnvloed deur hoër waardeverminderings- en finansieringskoste vanweë netwerkuitbreiding, sowel as waardedalingsverliese op finansiële bates. Ingesluit in CIVH se resultate is finansieringskoste wat verband hou met die finansiering van die Vumatel Eiendoms Beperk (Vumatel)-verkryging, sowel as laasgenoemde se geëkwiteerde verliese van R98 miljoen. Vumatel se resultate sluit

ook sterk inkomste- en EBIDTA-groei in, wat teengewerk word deur waardeverminderings- en finansieringskoste gedryf deur netwerkuitbreiding.

Grindrod Beperk (Grindrod) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R72 miljoen (2018: 'n verlies van R46 miljoen) bedra. Die vergelykende tydperk het verliese van die skeepsafdeling en voorraadwaardedalings in die spoorweg-monteerbesigheid ingesluit. Grindrod se hawens en terminale en logistieke afdelings het beter resultate getoon. Hawens en terminale, logistiek en die bankafdeling vorm deel van Grindrod se kernbesigheid, terwyl skeepsbrandstof en landboubeleggings geallokeer is na beëindigde bedrywighede.

Gedurende Junie 2018 het Grindrod die aparte notering van sy skeepsafdeling voltooi en Remgro het Grindrod Shipping Holdings Beperk (Grindrod Shipping)-aandele by wyse van 'n dividend in specie ontvang. Grindrod Shipping se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het 'n verlies van R65 miljoen (ingesluit in die 2018-bydrae van Grindrod: 'n verlies van R102 miljoen) bedra. Die afname in verliese is hoofsaaklik toeskryfbaar aan 'n jaar-tot-jaar-verhoging in tenkskiptariewe, 'n afname in vaartuigbedryfs-uitgawes en laer administratiewe uitgawes, aangesien die uitgawes wat verband gehou het met die ontbondeling nie herhaal is nie, gedeeltelik teengewerk deur huurtariewe wat oor die algemeen in droëvragmarkte afgeneem het.

SEACOM Capital Beperk (SEACOM) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het 'n verlies van R2 miljoen bedra. As gevolg van die implementering van IFRS 15 het SEACOM die verantwoording van sy onvervreembare reg van verbruikskontrakte (waarvoor kontant vooruit ontvang word) aangepas, wat 'n vermindering van R289 miljoen in Remgro se drawaarde van SEACOM tot gevolg gehad het. Hierdie vermindering, asook die ekwiteitsverantwoorde verliese vir die jaar, het 'n negatiewe drawaarde vir SEACOM tot gevolg gehad, wat Remgro genoop het om slegs SEACOM se verliese tot 'n nuldrawaarde te verantwoord. Remgro se werklike gedeelte van SEACOM se verliese vir die volle jaar bedra R31 miljoen (2018: 'n wins van R15 miljoen). Hierdie afname is hoofsaaklik as gevolg van 'n eenmalige realisasie van uitgestelde inkomste wat verband hou met die vroeë beëindiging van langtermynkontrakte in die vergelykende jaar, asook die negatiewe uitwerking van die implementering van IFRS 15 in die jaar onder oorsig.

Media en sport

Media en sport bestaan hoofsaaklik uit die belange in eMedia Investments Eiendoms Beperk (eMedia Investments) en verskeie sportbelange, waaronder die belange in die Blou Bulle-rugbyfranschise en die Stellenbosch Academy of Sport Properties Eiendoms Beperk.

eMedia Investments se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het tot R39 miljoen (2018: R1 miljoen) toegeneem. Hierdie toename is hoofsaaklik as gevolg van 'n toename in advertensie-inkomste, ondersteun deur 'n styging in markaandeel, asook 'n beperking van koste. eMedia Investments gaan voort om in die multikanaalbesigheid (Openview en e.tv-multikanaal) te belê, met die aktivering van Openview-ontvangstoestelle wat teen 'n gemiddeld van nagenoeg 35 000 per maand groei. Die geaktiveerde ontvangstoestelle het op 30 Junie 2019 ongeveer 1.7 miljoen beloop.

Ander beleggings

Die bydrae van ander beleggings tot wesensverdienste het R39 miljoen (2018: R66 miljoen) bedra, waarvan Business Partners Beperk se bydrae R65 miljoen (2018: R65 miljoen) was.

Sentrale tesourie en ander netto korporatiewe koste

Finansieringsinkomste het R755 miljoen (2018: R524 miljoen) bedra. Die toename is te danke aan hoër gemiddelde kontantbalanse as gevolg van die verkoop van Unilever. Finansieringskoste het R823 miljoen (2018: R891 miljoen) bedra. Die afname is hoofsaaklik te danke aan 'n wins van R90 miljoen wat erken is met die herfinansiering van klas A- en klas B-voorkeuraandele. Die positiewe billike waarde aanpassing van R112 miljoen (2018: R261 miljoen) hou verband met die afname in die waarde van die omruilopsie van die omruilbare skuldbriewe. Ander netto korporatiewe koste het R187 miljoen (2018: R282 miljoen) bedra. Die afname is hoofsaaklik te danke aan 'n nabelaste onderskrywingsfooi van R42 miljoen wat met CIVH se regte-uitgifte ontvang is. Die vergelykende jaar het transaksiekoste ten bedrae van R109 miljoen ingesluit, wat verband gehou het met die herstrukturering van Distell se eienaarskap en die verkryging van die Unilever Smere-besigheid. Dit is deels teengewerk deur die benutting van korporatiewe belastingkrediete.